
# Glo in jou kind, is die grootste geskenk

"My pa het my die grootste geskenk gegee wat enigeen vir 'n ander mens kan gee – hy het in my geglo." Hierdie is die woorde van Jim Valvano, 'n Amerikaanse basketbalafrigter.

'n Kind wat sien en beleef dat sy ouers in hom glo, verkry 'n wonderlike voorsprong in die lewe. Maar hoe wys jy aan jou kind dat jy in hom glo? Daar is vyf dinge wat jy as ouer kan doen:

1. **Liefde en aanvaarding:** 'n Kind ervaar deur jou woorde en dade dat jy hom lief het. Dit beteken dat jy geduldig is met jou kind. Jy leef in blydskap en vriendelikheid met hom en bly nie kwaad wanneer hy oortree het nie. Jy aanvaar hom met sy persoonlikheid, belangstelling, sterk en swak punte. Jou kind soek nie altyd jou goedkeuring nie, maar wel jou liefde en aanvaarding.

2. **Die vryheid van keuse:** Wat kan 'n sterker illustrasie wees van "ek glo in jou" as wanneer jy as ouer vir jou kind die vryheid van keuse gee? Uiteraard moet jy hierdie aspek in balans hanteer, maar lei jou kind daartoe om eie keuses te maak. Een van die beste voorbeelde is wanneer dit om beroepskeuse gaan. Ek het al soveel hartseer in my praktyk ervaar, van volwasse mense wat gefrustreerd is met hul beroepe, omrede hul ouers hulle die vryheid van keuse ontneem het. Ouers wat domineer en sê: "Ag nee wat, daardie kursus is te moeilik vir jou." Of: "Jy het nie talent daarvoor nie."




3. **Toelaat om foute te maak:** Leer jou kind dat foute toelaatbaar is. Kinders wat te bang is om 'n fout te maak, wil nie sommer waag en probeer nie. Jou kind moet weet dat al maak hy foute, al misluk hy met 'n taak of kursus, jy hom nie daaroor sal verwerp nie. Uit 'n mens foute leer jy jou grootste lesse.

4. **Ondersteun jou kind:** Vincent van Gogh het gesê: "Wat sal die lewe wees indien jy nie die moed het om enigiets te waag nie?" Jou kind moet weet, waar hy ook in hierdie wêreld uitgaan, sy ouers ondersteun hom. Of dit nou langs die sportveld is, of hy inskryf vir 'n modelkompetisie, of vir 'n kursus op kollege, of sy eerste werk, deur mislukking en moeilike tye, jy as ouer is daar vir hom. Wanneer jou kind twyfel, dan weet hy: ek kan staatmaak op my pa en ma se ondersteuning, ongeag wat ook al.

5. **Leer jou kind van drome:** Help jou kind om sy belangstellings, vermoëns en talente te ontdek. Lei jou kind daartoe om hieruit sy eie doelwitte en drome vir sy lewe te bepaal. Jou kind moet die kennis kry, en die vryheid ervaar, om vir sy lewe 'n visie en roeping te ontwikkel.

Dit is inderdaad 'n wondelike geskenk wanneer jou kind weet sy ouers glo in hom. Jou kind sal jou altyd hiervoor respekteer en, in die jare wat kom, sal hy jou met deernis en liefde onthou.

*(Dr. S.T. Potgieter, 021 949 5007; facebook: ST se Pitkos)*